# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:189/2003***
***DATUM:01-04-2003***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**VUZUMUZI MENDELSON PETERS**

***CORAM:*** WILLIAMS WnR

## *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS WnR:**

In hierdie saak is die beskuldigde skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 72(4) van Wet 51 van 1977 deurdat hy op 26 Augustus 2002 nie in die hof verskyn het nie. Hy is daarna gevonnis tot 'n boete van R300,00 of 3(drie) maande gevangenisstraf.

Dit het daarna aan die lig gekom dat die beskuldigde op 26 Augustus 2002 nie in die hof verskyn het nie, aangesien hy op dié datum in die plaaslike gevangenis aangehou was. 'n Skrywe vanaf die Departement Korrektiewe Dienste bevestig hierdie toedrag van sake.

Gevolglik word ek versoek deur die waarnemende hooflanddros te Kimberley om die skuldigbevinding en vonnis op spesiale hersiening tersyde te stel.

In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:

Die skuldigbevinding en vonnis van die beskuldigde ter oortreding van artikel 72(4) van Wet 51 van 1977 word hiermee tersyde gestel.

C.C WILLIAMS
WAARNEMENDE REGTER